# GOD IS MET ONS IN GESPREK

*deur Gerhard Bothma*

Omdat ons gló "God werk in woord en daad" verklaar ons graag: "Ek wil U hoor / Ek wil in stilte by U rus / Ek wil my stem voor U verloor" en bid ons ewe graag: "Maak my 'n kind wat steeds bly leer / Gee my 'n oor vir u hartklop aan my deur" (Luisterlied: strofe 1). Later, wanneer die woorde vervaag het en die melodie deur die klanke van ons werks- en ander plekke verdring is en ons sukkel om God te hoor, **wonder party van ons of God régtig met ons praat en hoe God dit doen as Hy dit wel doen.**

In die tyd waarin die tekste wat later in die Bybel opgeneem is, was dit vir die profete maklik om te sê: "Die Here het gesê: ..." (bv Jes 1:2 e.v.; Jer 1:2 e.v.; Eseg 2:1 e.v.; ens.) en dan te sê wát die Here vir hulle sou gesê het. Hulle het aangesluit by die uitsprake wat gemaak is dat God met die spreek van woorde geskep het (Gen 1:3; 2:18) en met hulle voorvaders (Gen 12:1) en "geloofshelde" - soos Moses, Josua, Dawid en ander (Eks 6:2; 15:26; Jos 4:1; Rigt 6:8; 1 Sm 2:27; 1 Kon 8:18) gepraat het.

Binne sekere christelike groepe is dit 'n populêre gewoonte om te sê dat die Here iets vir iemand gesê het en sogenaamde "profetiese woorde" is binne dié kringe algemeen, terwyl ander christelike groepe daarvan oortuig is dat God "finaal" in en deur Jesus "gepraat" het. Dit is dus te verstane dat soveel mense vandag skepties of verward is oor God, wat God vir ons te sê het en of en hoe God vandag met ons praat. **As ons die Bybel ernstig opneem, kan ons glo God is met ons in gesprek. Dan kan ons deur ons omgang met God se Woord die mense wat die woorde daarin geskryf het se uitsprake ernstig opneem in ons pogings om te verstaan wat God vir óns wil sê.**

Professor Jan van der Watt herinner ons daaraan dat God in die Ou en Nuwe Testament(e) indirek deur drome of gesigte en geskrifte met mense gepraat het, maar **deur Jesus op 'n unieke manier: mense kon hom sien, hoor en aanraak** (Die Christen, die Bybel en die toekoms; CUM, 2000:60-71). As ons onthou dat die Bybel nie God se "Groot Verseboek" is nie, maar preke, liedere en ander soorte literatuur uit die destydse wêreld bevat, kan ons God se boodskap vir ons daarin terugvind, al lees ons dit oor die skouers van die eerste lesers vir wie dit in die eerste plek bedoel is.

***Liewe Lidmaat, mag die eredienste asook jou Bybellees en -verstaan nóg meer betekenis aan jou lewe saam met God verleen – Ds Leon Tait***



Maandblad NG Rietfontein-Suid

Christus alles in elkeen!

Die Rietfluit

NOVEMBER 2012

## Wat smeer jy aan jou gesig ?

Ps 118 staan tussen die korste Psalm (117) en die langste Psalm (119). Ps 118 was die geliefde Psalm van Luther. Hierdie Psalm begin met die woorde: ***Loof die Here want Hy is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie.***

'n Hindoe het op 'n keer vir 'n sendeling gevra: wat smeer julle christene aan julle gesigte? Die sendeling het geantwoord: ons smeer niks aan ons gesigte nie. Ongeduldig het die Hindoe verduidelik oral waar hy rondgaan sie hy dat christene se gesigte anders lyk. Die sendeling besef toe dat die Hindoe verwys na die vreugde wat uitstraal van christene. Hy het vir die Hindoe verduidelik dat dit nie iets is wat aan die buitekant van die gesig gesmeer word nie maar iets wat van binne 'n christen kom omdat die Lewende Here Jesus in ons woon.

CS Lewis het 'n bekende gesegde gehad: ***Joy is the serious business of heaven*** en ***we are joyful people making a joyful noise***. In hierdie wêreld ken mense ons uit as burgers van die hemel, as God se mense wanneer hul die blydskap sien wat uitstraal uit ons hele lewe.

Teen die einde van die tweede wêreldoorlog toe almal uitgeteer, swak en sonder hoop was, het daar 'n uitbundige gejuig een oggend weerklink. Oor 'n versteekte radio is die nuus gehoor dat die oorlog verby is en die oorwinning oor die Duitsers behaal is. Daar was vreugde en hoop al was hul nog in haglike omstandighede. Hulle het fees gevier want hulle het geweet die oorwinning is behaal. Jesus het die groot oorwinning behaal! Ons het alle rede om met vreugde te leef selfs al loop alles in hierdie wêreld nie reg of soos ons graag sou wou hê nie.

***Wat straal uit ons lewe...frustrasie, irritasie, bekommernis of blydskap? In watter mate sien ander Jesus-blydskap in ons lewe raak ?***



***Die Here is God; Hy skenk ons lewe. Begin die fees!*** (Ps 118:27)

***Ds Leon van Heerden***

# !! ONTHOU DATUMS !!

- **4 Nov:** Dankofferdiens
- **11 Nov:** Gesinne in Harmonie diens & Doop
- **18 Nov:** Nagmaal
- **25 Nov:** Kerssangdiens

*Sien jou daar!*




**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer!
Kontak Ilze 072 111 3100

**c'nanru eiendomme**

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemark om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies



Naómi
082-804-1200 012-331-0015



## And this is what God's love is all about…..

A photographer caught this special moment. What a privilege to see.



Reminds me of Ps 91:4 - *He will cover you with his feathers. He will shelter you with his wings.*

His faithful promises are your armor and protection.

**There is absolutely nothing to fear about tomorrow; for God is already there.**

# Nuwe Intrekkers



Vera Naude

Viaan & Liesl Stannard



Baie welkom aan die nuwe lidmate.



# TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

**VISIE**: *Om deur omgee-verhoudinge in omgee-groepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

## Hoe kan Omgeegroepe 'n kultuur van vertroue skep?

In 'n kultuur van vertroue gebeur alles vinniger. In 'n kultuur van wantroue is daar agterdog, moet oor alles weer gepraat word, die verlede word kort-kort afgestof, en die toekoms is onseker.

As daar een aspek van Omgeegroepe is waaraan hard gewerk moet word, is dit die skep van vertroue. As ons dit kan regkry om mekaar ten volle te vertrou, ontsluit dit ongekende potensiaal!

In 'n Omgeegroep waar vertroue heers, lees mense nie verborge agendas in mekaar se woorde nie. Mense vertrou dat elkeen die ander se beste belange sal dien.

- *Besluit om te vertrou*. Besluit om te alle tye die beste van die ander persoon te glo. Mense word wat jy van hulle verwag. Mense moet weet jy sal hulle rug toemaak.
- *As jy wil vermy, praat.* Soms voel jy aan alles is nie pluis nie, maar jy het net nie die energie om dit te hanteer nie. Fout! Dit haal jou gewoonlik later soos 'n tornado in. As jy daardie "gevoel" kry, praat. "Verbeel ek my, maar dit voel…?"
- *Praat reguit.* Vra vir die feite. Sê hoe jy dit verwag. Sit dinge in perspektief. Vra om verskoning indien nodig. Praat die waarheid.
- *Luister*. Probeer werklik verstaan, voordat jy probeer diagnoseer of voorskryf.
- *Bly respekvol.* Moenie toelaat dat die gevoel van wantroue jou respek vir die ander persoon laat verloor nie. Wantroue is nie 'n lisensie om in iemand se karakter te klim nie.

*Vertroue beteken iemand sien Jesus in my en kan saam met my die pad verder loop – soos met Jesus.*

***Indien jy betrokke wil raak in 'n Omgeegroep, kontak asseblief:***
***Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591***


# <u>Moot Care Voedselskema</u>

**Koeponstelsel (R20 elk)**

*Koepon Voorkant*




*Koepon Agterkant*




## Uitnodiging

Kerke, Bedieninge en Individue word uitgenooi om aan Moot Care se Voedselskema deel te neem. Dit behels die aankoop van 'n koepon(s) wat aan 'n behoeftige persoon verskaf word. Dié koepon kan Dan op 'n Dinsdagoggend tussen 07:00 en 08:00 ingeruil word vir 'n kospakkie.

Om misbruik te voorkom word van die donateur verwag om die agterkant van die koepon te voltooi wat Dan deur Moot Care op 'n Dinsdagoggend gekontroleer sal word. (Indien die behoeftige persoon nie 'n ID het nie sal Moot Care 'n polisieverklaring vereis)

## Moot Care Voedselskema - Inligting

Mense in die Moot se harte is ruim, en daarom is daar baie verskillende "voedselskemas" in die Moot, 'n Behoefte is geidentifiseer om die uitdeel van kos aan behoeftige persone vanaf 'n sentrale punt te reguleer en te versprei. Behoeftige persone klop op 'n daaglikse basis aan by veral kerke, besighede, woonhuise en straathoeke. Soos elkeen besef - om geld te gee werk nie!



## Koeponstelsel

Koepons word beskikbaar gestel teen R20 per koepon. Die persoon of instansie kan die koepon enige tyd uitreik aan 'n behoeftige persoon (en dalk dadelik help met iets soos 'n broodjie). Die persoon kan dan op 'n Dinsdag tussen 07:00 en 08:00 die koepon kom inruil vir 'n kospakkie. Die kospakkie maak voorsiening vir 'n week se kos (7 ruim porsies).

Inhoud van kospakkie: 1 x 450g vakuum geseëlde pakkie
(rys, soja, 4inl sopmengsel, vitamine & minerale)
1kg mieliemeel
250g suiker
Sout

(die bestandele moet self gaargemaak word)

<u>Die koepons sal slegs op Dinsdae tussen 07:00 en 08:00 ingeruil word</u>

**Dinsdae se uitdeel behels:**

- Registrasie (ID dokument is belangrik)
- Uitdeel van broodjie en koeldrank/sop met aankoms
- Geestelike bemoediging in twee tale
- Uitdeel van kospakkie en klere
- Wanneer beskikbaar, word lyfseep, Vaseline, Vicks uitgedeel
- Komberse word ook in winter wanneer beskikbaar uitgedeel

**Vir enige verdere navrae of om Koepons te koop kontak of besoek gerus die Moot Care Sentrum by 012 330 0632 of die Rietfontein-Suid kerkkantoor of die MI toonbank**